



www.diehoopprojek.co.za/fvzs



F V Z S

Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling
F R E D E R I K V A N Z Y L S L A B B E R T
Institute for Student Leadership Development

*Kweek leiers
van die toekoms*

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY

HOOP
PROJEK

“ Afrika kan nie aanhou weeklaag oor die verlede nie. Die taak om daardie verlede goed te maak, rus op die skouers van Afrikaleiers self, met die hulp van diene wat 'n vastelandsvernuwing steun. Ons het 'n nuwe generasie leiers nodig wat weet dat Afrika vir haar eie lot verantwoordelikheid moet aanvaar; dat Afrika haarself slegs deur haar eie pogings sal kan ophef, in vennootskap met diene wat haar belange op die hart dra. ”

– Nelson Mandela (uit Engels vertaal)



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

FREDERIK VAN ZYL SLABBERT

Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling



Hoekom is studenteleierskapsontwikkeling nodig?

Die soeklig val toenemend op leierskap in Afrika en elders in die wêreld. Jong aktiviste kom in opstand teen teen totalitêre en korrupte leiers, regerings se swak bestuur van die landseconomie en werkloosheid. Só verander samelewings en moet hulle herbesin oor demokrasie en kontekstuele leierskap.

Afrika en Suid-Afrika se toekomstige groei hang af van bevoegde, etiese, waagmoedige en beginselvaste leiers wat in belang van hul gemeenskappe optree.



Swak leierskap in gemeenskappe, organisasies, verskeie regeringsvlakke en die burgerlike samelewing benadeel produktiwiteit, winsgewendheid, beleggings, hulpbronne en lewensgehalte. Jeugontwikkeling is in Suid-Afrika boonop 'n nasionale prioriteit.

Hoe help die Universiteit Stellenbosch die soeke na oplossings?

Dit is nie meer genoeg dat gegradueerdes uitstekende akademiese kwalifikasies verwerf nie. By die Universiteit Stellenbosch (US) wil ons afgeronde denkleiers ontwikkel wat hul horisonne verruim en hul kennis en ervaring in die samelewing belê. Op ons kampusse is daar 'n beduidende aantal uiteenlopende leiersposisies – van die Studenteraad tot leiers in koshuise, verenigings, sportspanne en studentefakulteitskomitees. Studente is opgewonde om te sien hoe hulle betrokkenheid 'n verskil maak; hoe dit tot die vernuwing van die US se institusionele kultuur bydra, en op die koop toe verandering in die samelewing teweegbring.

In antwoord op huidige leierskapsuitdagings, en omdat ons meer studente die geleentheid wil bied om hul leierskapsvaardighede te ontwikkel, het die US besluit om sy studente se geesdrif en die instelling se kundigheid in 'n formele leierskapsontwikkelingskurrikulum te kombineer – met die Frederik van Zyl Slabbert (FVZS) Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling as resultaat.

Hoekom Frederik Van Zyl Slabbert?

Wyle Frederik van Zyl Slabbert was 'n Suid-Afrikaanse opposisieleier, politieke ontleder, sakeman, patriot, en aktivis vir maatskaplike en politieke verandering. Hy was 'n studenteier, koshuishoof, dosent én Kanselier van die US. Hy het ons land se geskiedenis help vorm en sal veral onthou word vir sy visie om lede van die apartheidsbestel, Afrikaanssprekende sakelui en akademië, sowel as verbanne bevrydingsbewegings in 1987 in die historiese Dakar-ontmoeting byeen te bring.



Hy het die moed gehad om hom teen ongeregtheid uit te spreek en getrou te bly aan sy oortuigings en beginsels, al het dit hom stroomop geneem en die kritiek en verwerping van mede-Afrikaners op die hals gehaal. Hy herinner ons daaraan dat die US selfs in die apartheidsjare die bakermat van progressiewe denkers en alternatiewe stemme was.

Die beginsel van kritiese burgerskap was vir hom 'n leefwyse. Hy was die vergestaltung van die US se visie om gegraduateerdes op te lewer wat ons ontluikende demokrasie kan dien en die sosio-ekonomiese uitdagings van ons land en vasteland kan help oplos. Sy indrukwekkende intellek, integriteit, toewyding aan demokrasie en dialoog, en

samelewingsdiens het die US aangespoor om die FVZS Instituut vir Studenteierskapsontwikkeling in die lewe te roep. Só bring ons hulde aan sy nalatenskap en die ideale waarvoor hy hom beywer het.

Hoe sal die FVZS Instituut vir Studenteierskapsontwikkeling 'n verskil maak?

Die US se FVZS Instituut is die eerste in sy soort in die Suid-Afrikaanse hoër onderwys. Dit bied programme om die leiersvaardighede en persoonlike en akademiese eienskappe van sy eie studente, studente van ander universiteite en kolleges, sowel as skoolleerders te ontwikkel en te versterk. Dié programme behels onder meer skakeling met ander plaaslike instellings en internasionale vennote.

Die FVZS Instituut wil etiese leierskap kweek, studente se rol as leiers in Afrika- en wêreldverband beklemtoon, en leiers-, kommunikasie-, konseptuele en bestuursvaardighede ontwikkel.

Die programaanbod van die FVZS Instituut sluit tans in gevorderde kursusse in mentorskap; uitrui programme vir 'n blik op die wêreld deur ander se oë; kortkursusse in gemeenskapsinteraksie; 'n skoolleiersimposium; die opleiding van studente as agente vir maatskaplike verandering; 'n gekombineerde sport-en-lewensvaardighedsprogram; 'n kursus om studente-entrepreneurs te ontwikkel, en 'n kursus waardeur Matieleiers deur dialoog hul generiese leiersvaardighede slyp.

Hoe pas hierdie Instituut in by die HOOP Projek?

Die US se HOOP Projek wend hom tot die wetenskap om oplossings vir Afrika en Suid-Afrika se uitdagings te soek. In wese dien dit as vertoonvenster vir sleutelonderrig en -navorsing wat in mense se behoeftes voorsien en 'n beter toekoms help skep. Terselfdertyd bou dit 'n akademies sterk en relevante Universiteit met 'n diepgewortelde tradisie van uitnemendheid.

Deur die HOOP Projek se onderrig- en navorsings-inisiatiewe ondersteun die US die internasionale ontwikkelingsagenda. Met inagneming van sy bewese kundigheid het die US besluit om hom op vyf temas toe te spits: uitwissing van armoede; bevordering van menswaardigheid en gesondheid; bevordering van demokrasie en menseregte; bevordering van vrede en veiligheid, en die bevordering van 'n volhoubare omgewing en kompeterende industrie.

Die bevordering van studentesukses is een van die HOOP Projek se kerndoelwitte. Die FVZS Instituut maak deel uit van die US se strukture wat uitstekende akademiese steun en ontwikkelingsgeleenthede bied om suksesvolle, gebalanseerde en gesogte gegradueerdes op te lewer.

Navorsing dui daarop dat 'n geïntegreerde akademiese en sosiale wêreld tot die beste studenteprestasie lei. In die studentegemeenskap behoort koshuis- en privaat studente tot gesamentlike groepe (klusters), waarin mentors hul medestudente op bepaalde vakgebiede bystaan. Portuursteun deur mentors is 'n baie belangrike faset van akademiese ondersteuning en een van die FVZS Instituut se kursusse bied gevorderde opleiding vir

hierdie mentors. Só word mentors se leierseenskappe en -vaardighede ontwikkel, terwyl ander studente bygestaan word om hul studie suksesvol te voltooi.

Deur vandag die beste politieke, sake- en burgerlike leierskap te ontwikkel, sal ons op langtermyn die uitdagings van die internasionale ontwikkelingsagenda die hoof kan bied.

BREYTEN BREYTENBACH, skrywer en vriend van Van Zyl Slabbert, beskryf die aard van sy leierskap so: "... om altyd die grense oor te steek tussen die akademie en die openbare lewe, tussen areas van kennis en mag en finansies en die gemeenskapslewe, tussen Suid-Afrika en die groter kontinent, om altyd die geskiedenis om te dop en krities van alle kante te betrag sodat mens kan sorg daarvoor dat ou of nuwe ortodoksies nie ons geheuens verkalk en ons drome herskryf nie – en dit alles, soos jou lewe ons geleer het, onderskraag deur begrippe en beginsels van gesonde en bevraagtekenende twyfel, van 'n soeke na uitnemendheid en konkretisering in die praktyk, van menswaardigheid, van 'n drang om te dien, van medemensliefde”.

– Uittreksel uit *My Kaptein*

Breyten Breytenbach se huldeblyk aan dr Frederik Van Zyl Slabbert met sy uittrede as Kanselier van die Universiteit Stellenbosch in 2009.

Verruim horisonne

“Leierskapsontwikkeling behoort ’n integrale deel van elke student se Universiteitservaring te wees, of hul nou tot studenteleierskapsposisies verkies word of nie. Gefokusde leierskapsontwikkeling is van waarde vir elkeen wat hulself student noem, elkeen wat hulself wil bekwaam as spesialis in watter studieveld of beroep ook al, en natuurlik elkeen wat ’n posisionele leier van een of ander aard wil wees. Die Instituut se grootste bydrae tot die ontwikkeling van studente is waarskynlik: om leiers te kweek wat kontekstueel en relevant, verantwoordelik en toegewyd, innoverend en visionêr kan wees binne hul eie gemeenskappe en binne die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap.”

NADIA MARAIS

Ontvanger van die Visekanselierstoekenning vir
Uitnemende Prestasie (2011) en
Mandela Rhodes-beurshouer

“Leierskapsontwikkeling vir studente help jou om jou volle potensiaal te ontwikkel, leer jou vaardighede wat jy eendag in die werkplek gaan gebruik, dit leer jou hoe om met mense te werk en die belangrikste van alles, dit leer jou om anders na die wêreld te kyk. Aangesien posisionele studenteleiers, asook nie-posisionele studenteleiers ontwikkel word, bring die FVZS Instituut die boodskap tuis – elke Matie is ’n leier.”

ANINA BOTHA

Voorsitter van die Studenteraad (2011/2012)



Hoe kan jy en/of jou maatskappy help?

'n Belegging in die FVZS Instituut is 'n belegging in die toekoms van ons land en die volkeregemeenskap op ons vasteland. Die Instituut benodig finansiering van meer as R10 miljoen vir sy programme, navorsing, fasiliteite, internasionale en plaaslike studente-uitruilgeleenthede, gasdosente en konferensies. Die programaanbod sluit gemeenskapsinteraksie, omgewingsvolhoubaarheid en maatskaplike bewustheid in. Universiteitspersoneel sal jou graag help betrokke raak deur jou te wys watter bepaalde projekte die beste by jou/jou maatskappy se belangstelligings of oogmerke pas.

Skenkingsgeleenthede

Die volgende is deurlopende skenkingsgeleenthede:

- Belê in **uitruilprogramme** of skep uitruilgeleenthede om Suid-Afrikaanse studente internasionale blootstelling te gee.
- Ondersteun **vroueleierskap**. Vroue kom voor ander uitdagings as mans te staan. Die FVZS Instituut wil onder meer op vroueleiers konsentreer om hul eiesoortige uitdagings die hoof te bied.
- Skep 'n dinamiese **ruimte (fasiliteit)** waar studente deur dialoog, debatvoering en gesprek met mekaar kan omgaan om hul eie denk- en gespreksvaardighede te ontwikkel.

- Individuele **kernprogramme**. Elke program kan aan 'n donateur, hetsy 'n maatskappy, trust of stigting, gekoppel wees. Donateurs kan hulle tot 'n bepaalde program verbind; 'n bestaande program voortsit, of by nuwe programme inskakel.
- **Mentorskap** aan studente. Die Instituut maak staat op ondersteuning van buite – nie net finansiële nie, maar ook om as sprekers, mentors, afrieters en rolmodelle vir ons studente te dien.
- Borg die **FVZS Erelesing** – 'n gulde geleentheid om jou handelsmerk met dié van die Instituut en die Universiteit Stellenbosch te verbind.

Die FVZS Instituut bied sy programme sedert die einde van 2010 aan. Die ontwikkeling van enige program is duur, veral dié wat maatskaplike kapitaal van 'n hoë intellektuele standaard en uitruilvennootskappe met universiteite in die buiteland verg.

BEFONDSINGSMOONTLIKHEDE	BEDRAG BENODIG
Kortkursusse	360 000
Programme	520 000
Projekte	800 000
Gassprekers	150 000
Personeel	1 500 000
Herinrigting van gebou om die FVZS Instituut te huisves	5 500 000
TOTAAL	8 830 000

SKENKINGS EN BORGSKAPPE:

Me Annamia van den Heever,
Direkteur: Ontwikkeling
Tel: +27 (0)21 808 4895
Faks: +27 (0)21 808 3026 / +27 (0)86 569 5372
E-pos: avdheever@sun.ac.za

PROJEKLEIER:

Dr Leslie van Rooi,
Hoof: Frederik Van Zyl Slabbert Instituut
vir Studenteleierskapsontwikkeling
Tel: +27 (0)21 808 3697
Faks: +27 (0)21 808 4806
E-pos: lbvr@sun.ac.za

Universtieit Stellenbosch
Privaat Sak XI
Matieland
7602
Suid-Afrika

www.diehooprojek.co.za/fvzs
<http://blogs.sun.ac.za/fvzs>

